# DIE SEËN WAT ALLES INSLUIT

**Y'varechecha Yahweh v'yishm'erecha**
***(barag/bewys guns)(shamar/onderhou/beskerm/bewaar)***
**Ya'eir Yahweh panav eilecha v'yichuneka**
***(ohr/skyn/lig)(ganan/guns betoon/onverdiend)***
**Yisa Yahweh panav eilecha v'yasem l'cha shalom**
***(nasa/oplig/opkyk)(shalom/volheid/vervulling)***

| Yahweh sal jou seën en jou bewaar | Yahweh sal sy aangesig oor jou laat skyn en aan jou sy guns betoon | Yahweh sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee. |
|---|---|---|

**1. 'N SEËN WAT ALLE AREAS VAN ONS LEWE INSLUIT**
- Geen detail in Num 6 – d.w.s. allesomvattend
- 3 "G's": Gemak (materieel), Gesondheid, Geborgenheid – Elke duimbreedte van ons bestaan.
- Die detail vind ons in **Deut 28**: in die stad en in die veld; vrug van jou liggaam, land, diere; mandjie en bakskottel; ingang en uitgang; tussen jou vyande en in die wêreld.

**2. 'N SEËN WAARIN GEBORGENHEID ALTYD SAL BLY STAAN**
- Gemak kan weggeneem word, Gesondheid kan verswak
- Geborgenheid is 'n ondeurdringbare stadsmuur van versterking en bewaring
- **Psa 121:5-8** Yahweh is jou Bewaarder; jou skaduwee aan jou regterhand; Die son sal jou bedags nie steek nie; die maan ook nie by nag nie; in rampspoed bewaar Hy jou; jou siel bewaar Hy; jou ingang en jou uitgang bewaar Hy – van nou af tot in ewigheid.

**3. 'N SEËN WAT DEURLOPENDE LIG IN ONS LEWENS BRING**
- Yahweh se aangesig het met sy teenwoordigheid te make
- Wanneer Sy aangesig SKYN, dui dit op sy teenwoordigheid PLUS sy guns.
- Verder: As sy aangesig skyn en lig bring, verdwyn ons donkerte, verwarring en twyfel
- **Ps 119:130** Die opening van u woorde gee lig; dit maak die eenvoudiges verstandig.

**4. 'N SEËN WAT DEUR GUNS IN STAND GEHOU WORD**
- Goedheid en ontferming aan iemand wat dit nie verdien nie.
- "Gen" (guns) en die omgekeerde "Noag" (rus) – om 'n rusplek te vind ("ganiyah" = parkeerplek)
- **Ex 33:19** Ek sal goedgunstig wees vir wie Ek goedgunstig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm.

**5. 'N SEËN WAT BERUS OP INTIMITEIT AS FONDASIE**
- "nasa" – om op te kyk en oog kontak te maak – met die oog op 'n intieme verhouding
- "VERHEF" veronderstel 'n keuse: Ek kies om verby jou verlede en foute te kyk.
- **Ps 4:6** As mense sê ons sal die goeie nie sien nie, verhef U die lig van U aangesig oor ons

**6. 'N SEËN WAT ALLE LOS PUNTE BYMEKAAR BRING**
- Shalom beteken baie meer as net VREDE – volheid, harmonie, welsyn, tevredenheid
- Die plek waar die los en onuitgesorteerde stukke van ons lewe bymekaar kom.
- **Jes 32:17** Die werking van die geregtigheid (Yahweh se geregtigheid!) sal vrede wees, en die voortbrengsel van die geregtigheid: rus en veiligheid tot in ewigheid.

**7. 'N SEËN WAAROOR DIE NAAM VAN YAHWEH GESKRYF IS**
- Vergete vers 27: So moet hulle dan MY NAAM op die kinders van Yiesraél lê.
- Seën eindig nie met woorde nie, maar met die doel: SÓ ... elke seën begin met "Yahweh"
- **Deut 28:10** (Ek wil hê) dat almal op aarde sal sien dat My Naam oor jou uitgeroep is!